

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons in die lewe wat Hy as mens leef en die lewe waarin Hy sondaar in ons plek was, insluit. Hierdie insluiting in Christus is God se ware genade en genadige waarheid. God se waarheid maak die waarheid oor ons sonde en liefde vir God genadige waarheid. Dit is die waarheid van ons sonde wat vergewe is en die liefde van kinders van God. Die leuen van die duiwel en sy kinders is om hierdie ware genade en genadige waarheid om te keer om wrede genade en ongenaakbare waarheid te wees. Die verskil tussen Christus se verlossing en die duiwel se nagmaakte verlossing is die verskil tussen lig en duisternis. Die duiwelse verlossing is verknegting in die sonde terwyl Christus se ware genade en genadige waarheid, mense verlig om sonde as sonde te bely en liefde as liefde te ken en gee.

Skriflesing Joh. 1:1-17; 8: 42 – 47; 1 Joh. 1: 5 – 2:4; 1 Joh. 4: 18 – 21.

Teks Joh.1: 17 God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Tema Christus bring ware genade en genadige waarheid

1. Die geboorte van Christus word deur Johannes in die een sin aangekondig: “Die Woord het mens geword.” Die betekenis van Christus se koms na die wêreld word in vers 16 en 17 só gestel: Uit sy oorfloed het ons almal genade op genade ontvang. God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Die apostel Johannes is deurlopend besig om twee woorde te gebruik om een saak te stel. Elke dubbele beskrywing is eintlik net een saak, maar met baie groot en omvattende betekenis. Daarom is die uitdrukking “genade en waarheid” nie twee verskillende sake nie. Dit is net een saak met groot en omvattende betekenis en daarop kan dit vertaal word met “ware genade” of “genadige waarheid”.

Dit is die ryk omvattende betekenis van die koms van Christus. Hy is God wat mens geword het sodat deur Hom die ware genade en genadige waarheid gekom het.

2. Wie Christus is en wat Hy as Christus doen is volgens Christus die waarheid. Dit stel Christus self só teenoor Pilatus: “Dit is soos u sê: Ek is ’n koning,” antwoord Jesus. “Ek moet oor die waarheid getuigenis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.” Joh. 18:37

Christus se getuigenis oor die waarheid is nie ’n vertelling nie. Dit is ’n openbaring van die waarheid oor wie God is en wat God doen. Met die woorde “Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom”, verwys die Here na sy

Christus bring ware genade en genadige waarheid

geboorte as mens, sy lyding onder Pontius Pilatus, sy kruisiging, sy sterwe en opstanding uit die dood en sy verheerliking aan die regterhand van die Vader as Here.

Dit is die waarheid van God! Wie Christus is en wat Hy as evangelie vir ons doen. Die waarheid van God is dat Christus vir ons as sondaars gebore word, vir ons sondes ly, gekruisig word, sterf en opstaan uit die dood om vir altyd mens in ons plek in die hemel te wees. Dit is God se waarheid! Dit is God se genade en waarheid: genadige waarheid en ware genade!

3. Hierdie ware genade kondig Johannes in sy eerste brief só aan: “Ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir ons sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. Dit is die waarheid! God se waarheid oor ons sondes! God se ware genade en genadig waarheid oor ons sondes.

God se waarheid oor ons sondes is dat Christus die regverdige mens in die hemel is wat ons nooit kan wees nie. Hy is die regverdige mens wat onregverdige mense se oordeel, vloek en straf op Hom geneem het. Dit is wat Voorspraak beteken: Hy is ons sonde en straf vir ons.

Daarom is die waarheid oor ons sonde, God se ware genade en genadige waarheid. God se waarheid oor ons sonde is dat ons sonde doen. Daarom mag en kan ons nie beweer dat ons nie sondes doen nie. 1 Joh. 1: 8. Maar God se genadige waarheid is dat Hy ons nie vir hierdie sondes straf nie, maar ons van alle sonde reinig! Want Christus is die oordeel, vloek en straf van ons sonde.

Daarom is die genadige waarheid dat ons nie vir die sondes wat ons doen ooit geoordeel, vervloek of gestraf word nie. Dit is waarvoor die Woord mens geword het: om ons in te sluit in ware genade en genadige waarheid.

4. Wat is die leuen van ons sonde?

Jesus stel aan die Jode in hoofstuk 8 dat hulle lewe 'n leuen is. Hulle leef 'n leuen omdat die duiwel hulle vader is en hy die vader van die leuen is. Hierdie leuen van die duiwel is presies die teenoorgestelde van die Here se ware genade en genadige waarheid. Hy maak ware genade, ware ongenaakbaarheid en genadige waarheid wrede waarheid.

Hoe klink die Jode en die duiwel se ware ongenaakbaarheid en se wrede waarheid! Ware ongenaakbaarheid is dat jy self jou sonde met God moet regmaak en wrede waarheid is dat jou sonde maak dat jy onder God se oordeel, vloek en straf stel.

5. Christus openbaar 'n baie besondere karakter van die duiwel en sy kinders: “Hy was van die begin af 'n moordenaar.” Christus openbaar dat hierdie duiwelse

Christus bring ware genade en genadige waarheid

geestelikheid is niks anders as moord nie. 8: 44 Só wys die Here dat die Joodse geestelikheid, soos alle duiwelse geestelikhede, mense verniel, verwoes en vernietig terwyl dit as God se liefde voorgehou word.

Die leuen van die duiwel is dat hy van Christus se ware genade en genadige waarheid, wrede genade en ongenaakbare waarheid maak. Die ongenaakbare waarheid van die duiwel is dat mense hulle self as sondears onder die oordeel, vervloeking, straf en verwerping van God moet stel as die wyse waarop hulle hul saak met God self moet regmaak. Die wrede genade van die duiwel is dat mense hul self vir hul sonde moet aankla, veroordeel, verwyt en dan, volgens die aard van 'n moordenaar, hul "eie-ek" moet kruisig, hul innerlike self moet doodmaak, hul eie lewe moet opoffer en in selfverwerping hul self niks vir God moet maak.

Die duiwel se wrede genade en ongenaakbare waarheid is nie maar net nog 'n variasie van Christus se genadige waarheid en ware genade nie. Christus is die waarheid van God en die duiwel is die leuen oor God. Christus wys die duiwel se kinders kan nooit begryp of verstaan wat is sy ware genade en genadige waarheid nie. Hulle verstaan net die duiwel se wrede genade en ongenaakbare waarheid omdat hulle net soos hul vader menslikheid, en God se waarheid oor sonde, haat. Hulle wil die leuen leef dat die vernieling van menswees deur mense se selfveroordeling onder die oordeel van God – is redding!

Wie hierdie leuen van geestelike selfmoord glo asof dit niks anders is as God se redding nie, kan nooit die Here se boodskap oor Homself begryp of verstaan nie.

6. Hierdie verskil tussen Christus se waarheid en die duiwel se leuen is die verskil tussen lig en duisternis.

Lewe is lig! Hierdie aankondiging is baie anders as wat ons oor lig dink. Ons dink lig is net iets wat jy gebruik om die lewe mee te verlig. Johannes stel dit totaal anders. Lewe is lig! Want "dié lewe was die lig vir die mense", en die lewe ook die ware lig wat elke mens verlig.

Hierdie lewe wat lig is en mense verlig is die lewe van Christus. Dit is "in Hom" wat hierdie lewe is. Dit is die lewe van Hom wat mens geword het. So leef Christus die lewe van die regverdige mens wat ons nie kan leef nie en leef Hy die lewe van die mens wat God se oordeel en straf vir sonde gedra het. Dit is hierdie lewe wat die Here vandag in die hemel leef en ons by insluit wat lig is en verlig.

Christus se lewe in ons plek, vir ons, is die ware genade en genadige waarheid wat lig is en ons verlig.

7. Wat beteken hierdie verligting?

Christus bring ware genade en genadige waarheid

Die apostel stel in 1 Joh. 1: 5 só: “God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie.” Hierdie stelling het dieselfde inhoud en betekenis as die stelling “God is liefde” in 1 Joh. 4: 16. God is liefde wat net liefde is en niks anders kan wees as liefde nie. God kan nie kwaadwillig liefhê, of selfsugtig liefhê, of vyandig liefhê of wellustig liefhê nie.

God se liefde is ware liefde!

Ware genade en genadige waarheid, is dat God ons as sondeurs insluit en laat deel in die lewe van Christus sodat ons ons in hierdie gemeenskap met Christus ingesluit is in die liefde van God.

Wie ingesluit is en deel in hierdie liefde van God wat ware liefde is, ken en ontdek sonde as sonde en ken en ontdek liefde as liefde.

Dit is wat verligting deur die lewe wat lig is beteken. Dit is deur die liefde wat ons by ingesluit is en daarom as liefde ken 1 Joh. 4: 16 dat ons sonde as sonde ken. Dit is die betekenis van 1 Joh. 1: 8 Hulle wat liefde ken kan nie anders om sonde as sonde te bly nie. Want die liefde wat hulle ken wys dat hul sonde is nie die liefde wat hul ken nie. Die liefde waarby God hul insluit laat hul sonde ken as dit wat hulle oor berou het, van weg vlug en van af keer.

Lewe gee lig en verlig. Die lewe waarby Christus ons insluit en laat deel, laat ons die liefde vir God ken as die liefde waarin ons sy geboorte onderhou. 1 Joh. 5: 1-3.

Daarom is dit deur die Here se ware genade en genadige waarheid dat Hy ons insluit in sy lewe en so omsluit met God se liefde, dat ons verlig word om sonde te ken en van weg te vlug en om lief te hê volgens sy geboorte. Sy liefde verlig ons tot liefde volgens sy wet.

## 8. Wat is duisternis?

Johannes beskryf duisternis in twee verse!

1 Joh. 2:4: “Iemand wat sê: “Ek ken Hom,” maar nie sy geboorte gehoorsaam nie, is ’n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.” en

1 Joh. 4: 20: “As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.”

Duisternis is die leuen van die duiwel en sy kinders.

Hierdie verse beteken nie dat gelowiges nie sonde kan doen deur liefdeloos of hatig op te tree nie. Dit sou dan beteken dat gelowiges elke gebod onderhou en nooit oortree nie. Dit is teen alles wat die apostel juis in verse 8- 10 in hoofstuk 1 van 1 Johannes stel.

Christus bring ware genade en genadige waarheid

Hierdie duisternis is nie om nie sondes te doen nie. Hierdie duisternis gaan oor om sonde as die waarheid te leef. Dit is die duisternis dat jy sonde jou lig maak. Dit is wat die profete van die Ou Testament en Paulus in Romeine 1 noem “verdraaide opvattinge.” Om sonde as liefde te glo!

9. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde hoe mense sonde die lig maak!

➤ Afguns en naywer wat liefde is!

Duisternis is wanneer mense hulle eie besitlikheid van ander mense as liefde glo. Besitlikheid gaan oor jaloersheid en naywer. Daarom is hulle liefde altyd 'n halwe waarheid. Dit is liefde wat jaloersheid en naywer is. Besitlikheid skep die aanvoeling van sorg en omgee, maar dit is nie. Dit is om mense gevange te neem in hul self bevange te maak.

Hierdie jaloerse liefde verniel, verwoes en vernietig die vrye menswees om jou self vir 'n ander te gee en aan 'n ander toe te wy. Hierdie toewyding word deur besitlikheid verniel, verwoes en vernietig met 'n bevangeheid waarin daar geen toewyding kan wees nie.

So maak mense duisternis, lig!

➤ Losbandigheid wat liefde is!

Duisternis is wanneer mense hulle ergloosheid en sorgloosheid vir en oor mekaar as liefde glo. Met hulle leuen van erglose liefde vereensaam hulle mense. Hierdie sorglose liefde verniel, verwoes en vernietig die samesyn van sorgsaamheid en ontferming oor en vir mekaar. So maak ouers asof hulle kinders al groot genoeg is om vir hulle self te sorg terwyl dit maar net ergloosheid is.

So maak mense duisternis, lig. Losbandigheid word as liefde geglo.

➤ Gierigheid en woede wat liefde is!

Dit is die leuen van grondgryp sonder vergoeding. Die kwaadwilligheid om mense wat regmatig besit en deur arbeid verdien word nou die rowers en diewe gemaak. Die plundering en roof van hul besittings word as regstellende aksie geglo.

10. Wie van u wil duisternis lig laat wees?

Wie van u kan vandag nog glo dat die plundering en gryp van ons besittings is regstellende kassie en versoening? Dit is die manier waarop ons weer mekaar in liefde vind en in liefde saamleef? Wie van u glo dat al die vernieling, verwoesting en

Christus bring ware genade en genadige waarheid

vernietiging wat om ons plaasvind met plase is eintlik maar net versoening wat nie reg toegepas word nie. Dat ons al hierdie vernieling, verwoesting en vernietiging moet sien as foute met goeie bedoelings?

Dit is sonde! Mensehaat wat nooit liefde kan wees nie! Dit is duisternis wat as lig geglo word en as lig geleef word.

Net so met al die halwe liefdes waarmee ons sonde as liefde leef: besitlike liefde, sorglose liefde, selfsugtige liefde, kwaadwillige liefde, vyandige liefde, wellustige liefde!

Ons kan nie sonde as liefde glo en leef nie. Dit is wat hierdie twee tekste beteken: 1 Joh.2:4: "Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie." en 1 Joh.4: 20: "As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie."

God se genadige waarheid en ware genade verlig ons om in die genade en waarheid te leef waar sonde, sonde is en liefde, liefde is. Dit verlig ons so dat sonde nie liefde kan wees nie en liefde nooit sonde kan wees nie.

11. Daar is net een manier waarop die duisternis van sonde as die lig van liefde geleef kan word. Dit is deur die ongenaakbare en wrede leuen van die duiwel en sy kinders. Dit gebeur deurdat die verlossing wat ons verlig verduister word. Wanneer ons verlossing niks anders as duisternis is nie, dan is die duisternis ons lig.

Kom ons kyk hoe gebeur dit!

Die duiwel en sy kinders se leuen is die ongenaakbare en wrede leuen dat jy jouself voor God se oordeel moet aankla, veroordeel, beskuldig en niks laat wees nie. Dit is hierdie leuen wat sonde as liefde glo en as liefde aanvaar.

In elke en alle verhoudings is dit vir hulle hoe jy jouself verlos en met ander versoen: jy moet altyd vir alles jou self aankla, veroordeel, beskuldig en niks te maak nie. Met hierdie selfvernieling, selfverwoesting en selfvernietiging maak jy jouself weerloos, ondergeskik, gedienstig en onderworpe aan halwe waarhede as volle liefdes.

Teenoor die besitlikheid van 'n man, vrou, kind of ouers moet jy jou self aankla, veroordeel, beskuldig en niks maak nie. So maak jy jouself weerloos, ondergeskik, gedienstig en onderworpe om besitlikheid as liefde te moet leef. Maak jy met die duiwel se leuen van 'n valse redding die duisternis van sonde, besitlikheid, liefde.

Om jouself ondergeskik en onderworpe aan besitlikheid te maak, is nie liefde nie. Dit is selfminagting!

Christus bring ware genade en genadige waarheid

Teenoor die selfsugtigheid van 'n man, vrou, kind of ouer moet jy jou self altyd aankla, beskuldig, veroordeel en niks wees nie. So maak jy jouself weerloos, ondergeskik, gedienstig en onderworpe aan selfsugtigheid asof dit jou ware liefde in hierdie selfsugtigheid sou wees.

Om jouself weerloos en gedienstig aan selfsugtigheid te maak, is nie liefde nie. Dit is selfhaat!

Die leuen van valse redding maak sonde liefde! Die leuen van 'n valse redding vier duisternis as lig! Die leuen van valse verlossing is nie maar net jou eie manier van verlossing nie. Wanneer jou verlossing geen verslossing is nie, dan is dit verknegting binne die sonde, nie verlossing van die sonde nie.

12. Kersfees is die fees van ware genade en genadige waarheid, 'n lewe wat ons deel wat ons verlig!

Die lewe van Christus waar Hy mens in Bethlehem geword het om God met ons te wees, is God se ware genade en genadige waarheid. Dit is die lig wat ons verlig om in God se lief te leef en in hierdie liefde verlig te word om sonde as sonde te ken en liefde as liefde te ken.

Die duisternis van hierdie wêreld is dat ons vandag ons self in ongenaakbaarheid en wreedheid so moet verniel dat ons weerloos, gedienstig en ondergeskik die sondes wat hierdie wêreld moet glo as liefde en versoening.

Christus bring ware genade en genadige waarheid wat ons verlig!

Die lewe wat Christus met ons deel verlig ons om Kersfees as die fees van die lig te vier. In God se ware genade en genadige waarheid ken ons sonde as sonde en liefde as liefde. In God se ware genade en genadige waarheid liefde keer ons weg van sonde en wy ons onself toe in liefde aan God en mekaar.